



AgEcon SEARCH
RESEARCH IN AGRICULTURAL & APPLIED ECONOMICS

The World's Largest Open Access Agricultural & Applied Economics Digital Library

This document is discoverable and free to researchers across the globe due to the work of AgEcon Search.

Help ensure our sustainability.

Give to AgEcon Search

AgEcon Search

<http://ageconsearch.umn.edu>

aesearch@umn.edu

*Papers downloaded from **AgEcon Search** may be used for non-commercial purposes and personal study only. No other use, including posting to another Internet site, is permitted without permission from the copyright owner (not AgEcon Search), or as allowed under the provisions of Fair Use, U.S. Copyright Act, Title 17 U.S.C.*

EVALUERING VAN 'N VOERGRAANBEDRYF IN DIE WES-KAAP

A J Uys

Departement Landbou-ekonomie, Universiteit van Stellenbosch, Stellenbosch

Wenner van die eerste LEVSA Opstelkompetisie/Winner of the first AEASA Essay Competition

Abstract

The surplus production of wheat and barley forces the producer in the Western Cape to seek alternatives because a future marketing system, which due to influences of GATT and deregulation, may not accommodate the cost of these surpluses caused by the geographical disadvantages of this region. The quest for an alternative energy-source to replace maize, which is too expensive due to the cost of transport, is an alternative for the Western Cape. The initial stages of the implementation of this industry is well on the way, but attention should still be given to those critical factors that insure the success and continuity of such an industry.

Uittreksel

Die surplusproduksie van bakkoring en moutgars plaas die produsent in die Wes-Kaap onder druk. 'n Toekomstige bemarkingstelsel, weens die invloed van die AOTH en deregulering van die Bemarkingsrade, sal moontlik nie die koste verbonde aan die geografiese nadeel van die geproduseerde surplusse van die gebied dra nie. Die behoefte van die veevoervervaardigers om 'n goedkoper voergraan te kry in die plek van mielies as energiebron, bied 'n alternatief vir die gebied. Die vestiging van so 'n bedryf is reeds op dreef, maar kritieke suksesfaktore wat die kontinuïteit van die bedryf sal verseker, moet aangespreek word.

1. Inleiding

Weens die geografiese nadeel van die produsente in die Wes-Kaap en die gevolglike invloed van vervoerkoste van surplus koring en mielies vir veevoer, kan hulle nie kompetend bly met die produksie van veral bakkoring in die gebiede nie. Te midde van 'n vryer wêreldhandel en dienooreenkomstige veranderinge in die bemarkingsarena in Suid-Afrika word die produsente in die Wes-Kaap genoodsaak om drasties aan te pas. Die natuurlike aanpassingsproses, via die werking van die mark, is verdoesel deur statutêre bemarking.

Die duplisering van vervoerkoste van "uitgevoerde" surplus koring en "ingevoerde" mielies maak 'n voergraanbedryf as alternatief vir die produksie van veral bakkoring, 'n aantreklike alternatief vir beide die produsent en veevoervervaardiger.

2. Aanleidende oorsaak

Aanpassing en verandering in die bemarkingstrategie en gepaardgaande infrastruktuur - veranderinge in die Suid-Afrikaanse landbou is 'n uitvloeisel van die Algemene Ooreenkoms oor Tariewe en Handel (AOTH) en 'n algemene gees van deregulering. Die groeiende van die aanpassings is spreekwoordelik voelbaar in die graanbedryf van die Wes-Kaap. Die produsente is weens 'n liggingnadeel, nie meer kompetend in die graanbedryf nie. Die oorsaak van die probleem is die hoë koste verbonde aan die verwydering van die geproduseerde surplusse.

2.1 Die Algemene Ooreenkoms oor Tariewe en Handel

Suid-Afrika handhaaf 'n relatief passiewe rol op alle onderhandelingssterreine weens die politieke klimaat in die land (Van der Merwe en Kirsten, 1992:185). Die landbou sal egter die verpligtinge van die Dunkel-voor-

stelle aanvaar en moet implementeer indien die voorstelle deur die groot rolspelers soos die VSA en EEG aanvaar word. Die Dunkel-voorstelle is uitgereik deur Mnr. Arthur Dunkel, die Direkteur-generaal van die AOTH, in sy poging om die konsensus tussen deelnemers so na as moontlik te weerspieël nadat 'n dooie punt in die onderhandelinge bereik is. Dié voorstelle dien as basis vir verdere onderhandelinge.

Volgens Gatt Focus (November 1986:4) het die kontrakterende partye reeds in 1986 konsensus bereik oor "... an urgent need to bring more discipline and predictability to world agricultural trade by correcting and preventing structural surpluses ..." Indien die AOTH-ooreenkoms op grond van die Dunkelvoorstelle onderteken word, het dit volgens Van der Merwe en Kirsten (1992) ingrypende implikasies vir Suid-Afrika se landbou bemarkingstelsel en spesifiek vir die Eenkanaal-vasteprys skemas soos uiteengesit in die landbougedeelte van die dokument (MTN.TNC/W/FA: 20 Desember 1991:L1-L74).

Indien die voorstelle aanvaar en geïmplementeer word, sal artikel 87 van die Bemarkingswet geskrap word. Dit sal beteken dat die Bemarkingsrade hul statutêre magte op landbou-invoer sal verloor en gevolglik sal kwantitatiewe invoerbeheer met tariefbeskerming vervang moet word. Hoewel Suid-Afrika nie met die ander lande vergelyk kan word wat die vlak van subsidiëring betref nie, moet verbruikersoordragte, 'n verbruikersbelasting en dus subsidie, uitgefaseer word. Dit moet verkieslik met direkte subsidies, uit die Staatskas gefinansier, vervang word. Hierdie subsidies moet volgens die ooreenkoms dan oor tyd afgeskaal sal word. Produkte soos koring en mielies waar 'n geadministreerde prysbeleid toegepas word, sal oor die langtermyn 'n bemarkingsverandering moet ondergaan. Die produkte sal onder 'n ander tipe skema en op 'n ander wyse bemark moet word (Van der Merwe en Kirsten, 1992: 189).

Volgens die Dunkel-tek sal invoerbeheer deur invoertariewe vervang moet word sodat beheerrade dus nie meer alleenmag sal hê oor die invoere van die produkte nie. Enige persoon wat bereid is om die tarief te betaal sal 'n produk kan invoer. Die produsent en invoerder sal ook nie meer verplig wees om aan die beheerraad te lewer nie. Meulenaars sal dus koring kan invoer en die uniformiteit van kwaliteit van ingevoerde produkte kan die gebruik van ingevoerde koring 'n aantreklike alternatief maak.

Die implikasies van 'n mislukking in die ooreenkomstige kan vir Suid-Afrika duur te staan kom. Suid-Afrika as relatief klein handeldrywende land sal die gevolge van wêreldwye handels-blokvorming nie kan bekostig nie.

Die koringbedryf, as een van die laaste vestings van die Eenkanaal-vasteprysskemas, sal moontlik die meeste van al die landboubedrywe geraak word. Die relatief hoë binnelandse produsente- en verkoopprijs maak dit moontlik om afhange van die tariefekwivalent, ingevoerde koring goedkoper aan meulenaars in die kusgebiede te bied. Die moontlike blootstelling van die koringbedryf aan die internasionale markkragte noodsaak die Koringraad om na 'n stelsel van gedifferensieerde pryse te kyk (Van der Merwe en Kirsten, 1992:189).

Die AOTH hou egter ook voordele in vir die koringbedryf wat weens opheffing van nywerheidsbeskerming nie net produksiekostes sal laat daal nie, maar ook die mededingendheid van die plaaslike produsente sal verhoog. Die meer kompeterende bedryf sal te midde van handelsliberalisering en 'n 36% hoër wêreldprys van koring (Van Zyl *et al.*, 1990) en 'n dienooreenkomstige verhoging in die v.a.b.-prys van ingevoerde koring, in 'n beter bedingingsposisie wees om op die wêreldmark te kompeteer.

2.2 Meulenaarshekprijs vir koring

Die koring- en mieliebedrywe het tot op die stadium die laag van deregulering tot 'n groot mate vrygespring, maar die druk neem toe te midde van die mentaliteitsveranderinge onder bemerkers in ander bedrywe. Die voortbestaan van die eenkanaal-vasteprysskema kom dus toenemend onder druk.

Die meulenaarshekprijs is 'n uitvloeisel, van die mentaliteitsverandering en deregulering. Volgens die plaashekprijs vir koring is die produsent nie self verantwoordelik vir die vervoerkoste van sy produk nie, maar onder die meulenaarshekprijs sal die produsent self verantwoordelik wees vir die vervoerkoste. Dit veroorsaak dat die surplus koring wat in die Wes-Kaap geproduseer word nie kan kompeteer teen die produk in die Noorde nie. Aangesien die produsent die vervoerkoste moet dra sal 'n produsent in die Wes-Kaap koring teen ongeveer R140 per ton goedkoper moet kan produseer om te kan kompeteer.

2.3 Vergelykende posisie van die Wes-Kaap

Aangesien die Wes-Kaap nie 'n natuurlike mielie-produkerende streek is nie, word die mielies wat in veerantsoene aangewend word vanuit die tradisionele mielieproduserende streke na die Wes-Kaap vervoer. Die surplus bakkoring word weer na die res van Suid-Afrika vervoer. In die praktyk beteken dit dat die koring volgens verwagting teen R146.25 per ton in 1993 vervoer sal word na die noordelike meulens en mielies vir R146.25 per ton van Lichtenburg na Malmesbury vervoer sal word (Eisenburg Landbou-ontwikkelingsinstituut (E.L.O.I), 1993).

Die Wes-Kaap het volgens De Kock (1991:140) 'n relatief lae risiko verbonde aan die produksie van koring, maar die relatief hoë kostestruktuur en lae proteïeninhoud van die koring skep 'n probleem vir die gebied. Volgens Wootten (1989) is dit onekonomies om die proteïeninhoud kunstmatig te verhoog en die verhoging van die proteïen met verhoogde stikstof-bemesting is nie ekonomies haalbaar nie.

Die ongeveer 60 % surplusproduksie van koring in die Wes-Kaap (E.L.O.I, 1993:3) is weens die duplisering van vervoerkoste (Pienaar, 1992) nie kompetend met ingevoerde koring via die noordelike hawens nie. Dié surplus en die moontlike meulenaarshekprijs, noodsaak die produsent in die Wes-Kaap om na 'n alternatief te kyk.

Die vraag ontstaan of die plaaslike geproduseerde klein-grane nie eerder vir veevoerdoeleindes aangewend kan word nie, aangesien daar 'n reeds geïdentifiseerde potensiële mark vir voergrane is. Meadow (1993) beraam dié totale jaarlikse behoefte aan kragvoer in die Wes-Kaap op 790 000 ton.

3. Alternatiewe vir die Wes-Kaap

Die plaaslike voerbedryf bied 'n alternatiewe mark vir die produsent in die Wes-Kaap. Potensiële plaasvervaarders vir mielies as energie-bron sluit in voerkoring, voergars, *triticale* en tot 'n mindere mate gewasse soos canola, kaalhawer en lupiene (Pienaar, 1992:1).

3.1 Identifikasie van die behoeftes van die voerbedryf

Soos reeds genoem word die totale jaarlikse behoefte aan kragvoer in die Wes-Kaap beraam op 790 000 ton. Die vraag na kragvoer is as gevolg van die mielieverbruikende veevertakkings in die Wes-Kaap naamlik melkbeeste, lê-hoenders, braaikuikens en varke. Met die aanname dat mielies slegs gedeeltelik deur voergrane vervang kan word en weens die biologiese beperkings van die grane is die potensiële vraag na voergrane in die Wes-Kaap volgens Meadow, E.L.O.I en Universiteit van Stellenbosch (1993:3-4) as volg:

- ▶ voerkoring: 262 500 tot 470 500 ton
- ▶ voergars: 141 000 tot 223 000 ton
- ▶ *triticale*: 128 000 tot 220 500 ton

Dit is egter belangrik om daarop te let dat die potensiële vraag na voergrane nie kumulatief van aard is nie.

Hoewel voerkoring relatief gunstig vergelyk met mielies as energiebron, word probleme met veral voergars en *triticale* ondervind aangesien dit kan lei tot die verstopping van die spysverteringskanaal van kuikens. Gars is egter 'n belangrike bestanddeel van vark-rantsoene aangesien dit 'n harde spek verseker (Evans, 1985). Die afwesigheid van die karoteen in die grane noodsaak die aanvulling van sintetiese kleurstowwe wat die koste dienooreenkomstig verhoog. Dié karoteen is verantwoordelik vir die geel van die vet van die braaikuiken en die geel van die eier.

Weens die verskil in voedingswaarde tussen mielies en ander voergrane moet die prys van dié voergrane aangepas word met 'n faktor. Die faktore is volgens die E.L.O.I (1993:5) 90% vir koring, 85% vir voergars en 85% vir *triticale*.

Tabel 1 gee die huidige pluimveeslagting, aantal lêhenne, varkslagtings en die melkbeespoelasie aan sowel as die

vooruitskattings vir die jaar 2000 soos beraam deur Griessel (1992).

Soos uit Tabel 1 duidelik is, sal die vraag na roumateriaal vir veevoere in Suid-Afrika en dus ook in die Wes-Kaap toeneem. Griessel (1992) beraam die totale verbruik van grane in die jaar 2000 op ongeveer 5.3 miljoen ton in die land. Weens die vervoerkoste van mielies sal daar dus in die plaaslike vraag voorsien moet word deur van plaaslik geproduseerde voergewasse gebruik te maak. Daar is dus 'n groot potensiele mark vir voergane in die Wes-Kaap sowel as die res van Suid-Afrika.

3.2 Gelykbreekprys van voergane

'n Produsent sal slegs voergaan produseer indien die winsgewendheid daarvan gunstig vergelyk met die van bakkoring en brouersgars.

Ten einde 'n beraming te maak van die gelykbreekprodusenteprys van voergane is die resultate soos verwerk deur die E.L.O.I (1993) as uitgangspunt geneem. Die resultate is verkry met die aanname dat die produksiekoste van die voergewasse soortgelyk is aan die van bakkoring en moutgars. Die verskil in gelykbreekpryse is dus as gevolg van die verskil in opbrengspeile.

Uit Tabel 2 blyk dit dat veral voergaan kompetender deur 'n produsent verbou kan word, gegewe die regte kultivar. Hierdie resultate is verkry met eksperimentele verbouing. Met kommersiële verbouing kan die resultate egter wesenlik verskil. Hoewel daar op die stadium nog gewerk word aan kultivars vir voergane moet dit volgens Lombard (1993) aan die volgende twee vereistes voldoen. Ten eerste moet dit 'n hoë opbrengspotensiaal hê en ten tweede moet die kwaliteit van so 'n aard wees dat dit nie as alternatief vir bakkoring deur meulenaars of as alternatief vir moutgars deur die moutfabriek verkies word nie.

Aangesien daar met die teling van die voergewasse minder klem gelê word op die kwaliteit van die kultivar, kan daar volgens Lombard (1993) meer klem gelê word op die inteling van bestandheid teen siektes wat die spuitkoste en dus die produksiekoste kan verminder. In die lig hiervan kan die winsgewendheid van die voergane selfs nog beter vertoon in vergelyking met die van bakkoring en moutgars. In die verband is 'n kultivar soos Alpha, wat in die loodsprojek gebruik word, bestand teen Oogvleksierte en het ook goeie weerstand teen Stamroes en Vaalblaar.

Uit die oogpunt van die verbruiker van veevoer moet die aankoopprys van voergane kompetender wees met die "gelande" prys van mielies. Uit die oogpunt van die voerverbruiker is die gelykbreekprodusenteprys bereken op R491.56 per ton voer vir koring, R457.53 per ton vir voergars en R457.53 per ton vir triticali (E.L.O.I, 1993:13). Teen dié pryse is dit om te ewe vir die verbruikers of hulle voergaan of mielies in hulle voer insluit.

3.3 Beskikbare oppervlak vir die verbouing van voergane in die Wes-Kaap

Volgens die Landbou-ontwikkelingsprogramme vir die onderskeie streke waaronder Swartland, Boland en Suid-Kaap, sal ongeveer 75 000 hektaar onder gars met 'n opbrengs van gemiddeld 2.2 ton in die jaarlikse moutgarsbehoefte voorsien. Teen twee ton per hektaar sal 150 000 hektaar onder koring die plaaslike maalbehoefte bevredig. Uit 'n totaal van ongeveer 1 550 000 hektaar sal 225 000 dus aan die brouersgars en die

maalbehoefte van die streek voorsien en die res (1 325 000 hektaar) is beskikbaar vir die produksie van voergane, weidings, hooi, kuilvoer en alternatiewe voergewasse (E.L.O.I, 1993 :7). Daar is dus voldoende grond beskikbaar vir die verbouing van die voergane.

3.4 Beskikbaarheid van 'n infrastruktuur

Die infrastruktuur vir die produksie van kleingrane in die Wes-Kaap is volgens E.L.O.I (1993:12) hoofsaaklik toegespits op die hantering van bakkoring en brouersgars. Die infrastruktuur is op die stadium in die hande van die Koringraad en aangesien dit toegespits is op die hantering van gewasse wat onder die Eenkanaal-skema sorteer, is veranderinge noodsaaklik. Ten einde te voldoen in die behoefte van 'n voergaanbedryf sal egter voorsiening gemaak moet word vir die skepping van 'n infrastruktuur wat sal insluit opberging-, hantering-, en leweringsfasiliteite, vervoer en kwaliteitsbeheer. Die logiese verskaffer van infrastruktuur is die koöperasies wat oor bestaande ontvangsdepots en silos beskik.

Daar is egter verskeie raakvlakke tussen die voergaanbedryf en die bestaande graanbedryf wat eers aangespreek en uitgeklaar behoort te word voor daar kontinuïteit in so 'n bedryf sal wees. Eerste op die prioriteitslys is die vrystelling van 'n visueel uitkenbare saad wat die potensiele gevaar van vermenging met bakkoring en moutgars sal verhoed. SENSAGO is besig met die inteeël van 'n kleurpigment in die aleuron van die saad wat die probleem sal aanspreek (Lombard, 1993).

Tweedens kan hantering van die voergaan die bepalende invloed hê op die ekonomiese lewensvatbaarheid van die bedryf aangesien opberging en vervoer 'n groot deel van die koste verteenwoordig. Aangesien die meeste van die infrastruktuur tans onder die Koringraad sorteer, kan verwag word dat die Raad in die beginstadium die bemerking van die bedryf sal behartig. Indien die produsent of sy koöperasie self verantwoordelik gaan wees vir die opberging en vervoer en die fasiliteite by die Koringraad moet huur, sal dit nie 'n wesenlike verskil maak aan die prys van die voergaan nie. Indien die produsent of sy koöperasie egter hul eie opbergingsfasiliteite benut, kan verhoogde doeltreffendheid tot 'n prysverskil aanleiding gee.

Nog 'n aspek wat aandag moet geniet is die manier waarop die hoeveelheid voergaan wat geproduseer gaan word geregleer sal word. Aangesien die produsent via die koöperasie die koste van surplusse sal moet dra, kan verwag word dat daar een of ander vorm van kontraksluiting of kwota uitgereik sal word deur die koöperasie aan produsente.

Bogenoemde aangeleenthede asook prys en gradering kan die bepalende rol speel by die implementering en kontinuïteit van die bedryf.

4. Samevatting

Die produsent in die Wes-Kaap is genoodsaak om te midde van 'n veranderende bemerkingsomgewing aan te pas. Die gees van deregulering, ook in die landbou, oefen druk uit op die eenkanaal-bemerkings van grane en die bepaling van die Uruquay-rondte plaas druk op die beskerming van die plaaslike bedrywe.

Die surplus koring wat in die gebied geproduseer word, is weens die vervoerkoste verbonde aan die produk nie kompetender met die ingevoerde produk in die noordelike hawens nie. Die graanbedryf in die streek moes toe na 'n alternatiewe aanwendingsmoontlikheid vir die produkte kyk.

Tabel 1: Huidige en verwagte verbruik van diere - produkte in Suid-Afrika

Item	1992 (miljoen)	2000 (miljoen)
Braaikuike	400.00	479 336.00
Lêhenne	12.70	15.33
Varke	2.15	2.35
Melkbeeste	31.40	37.54

Bron: Griessel (1992)

Tabel 2: Gelykbreekprodusentepryse vir voergrane

Streek	Gelykbreek produsenteprys* (R/ton)		
	Voerkoring/Bakkoring	Voergars/Brouersgars	Triticale/Bakkoring
Swartland	350.86	621.47	504.59
Rûens	438.88	517.17	761.72
Gemiddeld	394.87	566.15	647.65

* Opbrengepele van die volgende kultivars is gebruik: Bakkoring - Palmiet; Voerkoring - Alpha; Brouersgars - Clipper; Voergars - Kaapse gars (Swartland en Boland) Gallion (Rûens); Triticale - Usgen 18.

Bron: E.L.O.I (1993:11)

Die potensiële vraag na 'n alternatiewe energiebron vir mielies wat daar in die Wes-Kaap bestaan, bied 'n alternatief vir die oorproduksie van graan in die gebied. Alhoewel so 'n bedryf ekonomies lewensvatbaar is, dit 'n groeiende mark in die toekoms sal moet bevredig en daar voldoende bewerkbare grond vir die voorsiening in die plaaslike vraag is, is daar steeds aspekte van belang waaroor daar uitsluitel verkry moet word. Dê aspekte sluit in die kultivars, opberging en hantering van die voergrane en regulering van die hoeveelhede wat geproduseer word.

5. Gevolgtrekking

Uit die inligting soos vervat in die artikel blyk die voergraanbedryf 'n logiese en lewensvatbare alternatief te wees vir die Wes-Kaap se probleem in soverre dit die ekonomiese bemaking van die geproduseerde grane betref. Die bedryf absorbeer die grond en produksiefaktore wat in die toekoms nie meer ekonomies vir die bakkoring- en moutbedryf aangewend sal word nie. Dit sal die produsent in die streek meer aanpasbaar maak in die snel veranderende bemakingsomgewing.

Gegewe die huidige behoefte aan 'n alternatief vir "ingevoerde" mielies kom die vraag na vore of 'n voergraanbedryf nie spontaan sou ontwikkel het indien die beheerde bemaking van graan nie die geografiese nadeel van die produsente en veevoervervaardigers in die Wes-Kaap verskans het nie.

Verwysings

DE KOCK, J H W. (1992). 'n Strategiese evaluering van die koringbedryf in Suid-Afrika tot die jaar 2000. Departement Landbou-Ekonomie, Universiteit van Stellenbosch, Stellenbosch.

ELSENBURG LANDBOU-ONTWIKKELINGSINSTITUUT, (1993). Die vestiging van 'n voergraanbedryf in die Wes-Kaap ter vervanging van mielies as energiebron.

EVANS, M. (1985). Nutrient Composition of Feedstuffs for pigs and poultry. Queensland Department of Primary Industries, Brisbane.

GATT FOCUS. (1986). GATT Information Service, November 1986, Geneva.

GRIESEL, M. (1992). Feed and raw material requirements for the South African Livestock industry up to the year 2000. Voorsitter AFMA.

LOMBARD, B. (1993). Persoonlike mededeling. Navorsingsbestuurder-Lentekoring, SENSAGO.

MEADOW. (1993). Persoonlike mededeling. Meadow, Paarl.

MTN.TNC/W/FA. (1991). Multilateral Trade Negotiations, The Uruguay Round, Trade Negotiations Committee, MTN.TNC/W/FA, Geneva. 20 Desember 1991:L1-L74.

PIENAAR, W E. (1992). Openingsrede - Simposium van die KKOv. Voorsitter van Koringraad.

UNIVERSITEIT VAN STELLENBOSCH, (1993). Departement Pluimveekunde, Stellenbosch.

VAN DER MERWE, A J en KIRSTEN, J F. (1992). Die moontlike implikasies van die Uruguay-ronde van multilaterale handelsoverhandelinge vir Suider-Afrika in die algemeen en die Suid-Afrikaanse landbou-sektor in die besonder. Agrekon, Vol 31, No 4.

VAN ZYL, J, LIEBENBERG, G F en HELM, W. (1990). Aspekte van die internasionale koringmark. Ongepubliseerde verslag, Departement Landbou-ekonomie, Universiteit van Pretoria.

WES-KAAPSE LANDBOU-UNIE. (1993). Beskik oor VVO statistieke, Paarl.

WOOTEN, C. (1989). Protein content of Spring Wheat in the Western and Southern Cape and its implications for the milling industry. Geleentheidslesing tydens proteïensimposium. Sentrum vir Wintergraannavorsing, Departement Akkerbou en Weiding, Universiteit van Stellenbosch.